TopTV sê hy is reg om reus storm te loop

CECILE NEL IN JOHANNESBURG
cecile.nel@sake24.com

Daar is gesê On Digital Media (ODM) sal nooit vir MultiChoice kan aanvat nie.

Sommige het gesê dié nuwe onderneming het nie 'n kans op oorlewing nie, sal nie vir televisie-inhoud kan onderhandel nie en het nie die tegniese ondersteuning wat dit verg om 'n wesenlike mededinger vir Suid-Afrika se enigste en gevestigde betaaltelevisie-groep te wees nie.

Maar ODM het die afgelope week, omtrent drie jaar nadat die Onafhanklike Kommunikasie-owerheid (Okosa) verhore gehou het om nuwe betaaltelevisie-lisensies toe te staan, aangekondig hy gaan in Mei vir Goliat aanvat met sy eie betaaltelevisiediens.

Volgens mnr. Vino Govender, uitvoerende hoof van ODM, gaan die groep sewe verskillende pakkette bied vir tussen R99 en R249 per maand. Die diens sal as TopTV bekend staan, met die top-opsie wat 55 kanale sal bied.

"Dit was vier jaar van harde werk om alles op die been te bring. Ons is verheug dat ons nou tot by die bekendstelling van ons diens kan vorder. Maar nou moet ons in die mark kom en ons intekenaretal laat groei sodat ons sakemodel kan realiseer," sê Govender.

Volgens hom behels ODM se sakemodel dat die groep gelykbreek op 350 000 intekenare. Govender sê hy hoop om dié vlak oor die volgende drie jaar te bereik. (*Sake24* het vroeër berig MultiChoice het in Julie verlede jaar sowat 2,4 miljoen intekenare gehad.)

Eksterne faktore, soos 'n verandering in die waarde van die rand, sal egter ODM se sakeplan kan beïnvloed omdat die groep baie van sy inhoud in die buiteland koop.

Govender sê dit het R80 miljoen gekos om ODM van niks af te bring tot waar hy nou is. Daar is nie in die nabye toekoms planne om te noteer nie.

"Ons het stilweg alles gedoen wat ons moes, met goeie beplanning en 'n kliniese benadering."

Vir nou wil Govender kritieke massa opbou en 'n opbrengs vir ODM se aandeelhouers lewer. "Ek het heelwat werk om te doen," erken hy.

Die groep sal die grootste deel van sy inkomste verdien uit intekenaarsgeld omdat sy lisensievoorwaardes sy inkomste uit advertensies tot 5% van sy totale inkomste beperk.

"Ons sal waarskynlik nie binnekort vreeslik op advertensies fokus nie – eers so oor ses tot agt maande," sê hy.

Soos met MultiChoice se diens sal intekenare 'n skottel en 'n dekodeerder nodig hê vir toegang tot ODM se kanale.

Govender sê ODM se diens is gemik op verbruikers in die lewenspeil- (LSM) groepe tussen vier en nege, spesifiek "dié wat nie voorheen die geleentheid gehad het om betaaltelevisie te koop nie weens die koste daarvan".

TopTV, wat in Mei bekend gestel word, se handelsmerk.

R1 mjd.

Die bedrag geld wat ODM beskikbaar het, waarvan R200 miljoen 'n lening van die Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika is. R80 miljoen is tot op hede gebruik.

Nes MultiChoice gaan ODM eerder wegbly van pornografie.

ODM se eie pakket spog eerder met vier Christelike kanale – meer as die drie kanale wat vir sport opsy gesit is.

Waarom is ODM die enigste nuwe lisensiehouer wat dit kon regkry om sy diens aan die gang te kry? Vier lisensies is destyds toegestaan,

Mnr. Vino Govender, uitvoerende hoof van ODM.
I FOTO: FELIX DLANGAMANDLA

TopTV-kliënte sal 'n keuse hê tussen sewe verskillende groeperings kanale, met pryse wat wissel van R99 tot R249. Vir gesinne met kinders is daar byvoorbeeld opsies met meer kinderkanale, terwyl sport- of fliekliefhebbers weer 'n ander pakket kan kies wat vir hulle ontwerp is.

Die 55 beskikbare kanale sluit bekende handelsmerke en programme in van onder meer Fox, BBC, Fashion TV, MSNBC, Al Jazeera, CBS, Discovery, Warner en Disney.

Die drie sportkanale fokus grotendeels op sokker en alternatiewe sportsoorte.

TopTV se dienste sal, soortgelyk aan dié van DStv, 'n skottel en dekodeerder vereis, wat teen Mei landwyd by groot kleinhandelaars beskikbaar sal wees. Die koste hiervan sal binnekort bekend gemaak word.

TopTV se PVR-opsie sal op die laatste teen Februarie 2011 bekend gestel word, het ODM die week gesê.

maar ODM is die enigste een wat al daarin kon slaag om 'n diens op die been te bring.

Volgens Govender is dit een ding om 'n lisensie te kry, maar iets heeltemal anders om 'n hele onderneming tot stand te bring.

Hy meen ODM het baie ondersteuning van sy aandeelhouers, waarvan die grootste deel deur die Nywerheidsontwikkelingskorporasie gefinansier is, wat moontlik gehelp het.

Die groep se aandeelhouers sluit in die National Empowerment Fund, Kopano Ke Matla Investment Company, Cosatu se beleggingsvleuel, First National Media Investment Holdings en die internasionale satellietgroep SES Astra.

Op die vraag of die inhoud onafhanklik gekies sal word, sonder enige invloed van 'n politieke mag soos Cosatu, is Govender beslis: Cosatu sal nie inmeng nie.

"Dis 'n wonderlike groep mense om mee te werk.

"Betaaltelevisie is maar 'n onderneming soos enige ander onderneming. In dié geval gaan dit oor inhoud koop, verpak en verkoop," het hy gesê.

Waarom is ODM dan dapper genoeg terwyl die ander eerder die geleentheid laat vaar? Waarom sien hy kans om die gevestigde MultiChoice aan te vat?

"Ons vat wel 'n reus aan. Maar ons het die proses begin en wil dit oor die eindstreep neem. Ons voel die doelwitte is tog bereikbaar," sê hy.

→ *Sake24* en MultiChoice is albei deel van die Naspers-groep.